Leef saam HUISGELOOF

## WELKOM

Gesels saam:

- Wat is die ergste ding wat al in julle huis opgeraak het? Miskien was dit melk, brood of toiletpapier.
- Het daar al iets opgeraak terwyl julle kuiergaste gehad het?

## WONDER

Julle gaan vandag lees van 'n wonderteken in Johannes waar Jesus water in wyn verander het.

Voordat julle die verhaal lees, is daar 'n paar belangrike dinge om te weet:

- Die *klipkanne* het water bevat vir die reinigingsgebruike van die Jode. Ons gaan ontdek dat Jesus die Een is wat ware reiniging bring en vir ons die lewe gee.
- Die konsep van "*vol*" is belangrik. Jesus is "vol genade en waarheid" (Joh 1:14) en uit sy "volheid" ontvang ons almal "genade op genade" (Joh 1:16). Jesus sê: "Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorvloed" (Joh 10:10).
- Die *oorvloed wyn* het ook 'n belangrike betekenis. Die Joodse verwagting was dat daar 'n groot fees met baie wyn sal wees wanneer die Messias kom. Hierdie verhaal wil sê dat die mense "tot nou" (Joh 2:10) moes wag. Maar nou het die langverwagte tyd aangebreek – die Messias is hier.

Lees Johannes 2:1-12 saam.

Gesels saam:

- Hoe dink julle het die bruidegom gevoel toe die wyn opgeraak het?
- Die verhaal begin met die woorde: "Op die derde dag ..." Waaraan laat dit julle dink?
- Jesus het die wyn vermeerder. Wat leer dit ons oor wie Jesus is?

## WEES

Hou hierdie week 'n "fees van die lewe" by julle huis. Julle kan kies hoe julle dit wil doen, byvoorbeeld 'n piekniek of 'n mooi gedekte tafel. Julle kan ook bure of vriende nooi om saam met julle die lewe te kom vier.

## WEGSTUUR

Herinner mekaar gereeld daaraan dat Jesus gekom het om vir ons die lewe te gee, en dit in *oorvloed*.